

21 Januarie

Lukas 7:1-10

Ek moet myself eerder meet as weeg

Diep in ons agterkoppe maal nou eenmaal die gedagte van verdienste. In die gedeelte antwoord Jesus die oudstes van die volk wat hulle op grond van verdienste beroep op 'n vreemde manier, naamlik deur middel van 'n afstandwonder. 'n Romeinse offisier kies sy onderhandelaars met groot oorleg. Hy het al gehoor van Jesus wat wonderdade verrig. Die offisier was 'n man wat vir die Joodse volk goed was. Hy het onder andere die sinagoge in Kapernaum laat bou. Die oudstes nader Jesus met 'n versoek. Hulle glo dat Jesus die offisier se slaaf moet genees, omdat die offisier dit waardig is. Hiermee sê hulle eintlik dat die offisier vir voorkeurbehandeling kwalifiseer. As voorbeelde noem hulle sy offervaardigheid en oop hand. Eintlik word hulle versoek niks anders as 'n bedingingstransaksie nie.

Intussen het die offisier begin twyfel aan sy optrede. Hy stuur weer 'n afvaardiging met 'n dringende opdrag: "Ek is nie werd dat u onder my dak inkom nie" Letterlik beteken dit dat hy nie groot genoeg is nie oftewel dat hy nie opgewasse is nie. Die oudstes pleit by Jesus dat hy dit werd is, met ander woorde sy optrede balanseer of weeg op. Hierteenoor sê die offisier dat hy te klein is. In plaas van 'n merieteverslag bely hy sy eie skuld. Hy is so klein! Tog hou hy nie op om te vra nie. Hy doen 'n beroep op Jesus se genade. Hy kan maar net 'n woord spreek en sy slaaf sal gesond wees. Probeer ons nie dikwels 'n merieteverslag opstel op grond van alles wat ons al gedoen het of dalk nog steeds doen op grond waarvan ons sekere dinge verdien nie? Die treffende afstandwonder ruk my tot ander insigte. Indien ek myself meet aan dit wat God in Christus vir my gedoen het, word ek kleiner en kleiner. Ek besef al hoe meer en meer dat ek iets werd is, omdat Christus my iets werd gemaak het. Daarom adem ons die woorde: Die Woord alleen, die geloof alleen en die genade alleen.

Sing: Psalm 139:6

Ds. F.P. Kruger (Meyerton)